Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

17 September 2017

Eredienste:

08h30: Ds Thinus Britz (Ps 23) – Doop
10h00: Ds Thinus Britz (Ps 23) *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*
17h30: Ds Marietjie Steyn
19h00: Ds Marietjie Steyn (Luk 19:11-27) *Kom drink koffie saam met ons na die diens in die kerksaal.*

DEURKOLLEKTE: 17 Sept 2017 – Kaleidoskoop SA (voorheen Nasionale Instituut vir Blindes)

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens.
Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp*
Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

Selgroepe: Pieter Myburgh – pietermyb@gmail.com
Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za

NASIONALE WEEK VIR OUER PERSONE

Dié spesiale week vanaf 25 September - 1 Oktober is op ouer lidmate gefokus. Kom vier dit asb saam met ons op Woensdag 27 September om 10:00 met 'n spesiale oggend van tee, verversings en gesels. Almal is egter welkom om dit by te woon. Die program sal die vorm van 'n vraag en antwoord sessie aanneem wat deur dominees Andries Botha & Thinus Britz hanteer sal word. Hierdie is dus 'n geleentheid om enige algemene vrae te stel. Kontak asb vir ds Thinus as jy iets op jou hart het, sodat die sprekers genoeg tyd het om hulself voor te berei. Ds Andries sal ook die erediens op Sondag 1 Oktober om 10:00 waarneem. Bloubergstrand Maatskaplike Dienste 021 554 3268

DOOP

Johann en Karen Latsky doop hul baba, Juliette Skye (gebore 1 Jun 2017).

Baie geluk!

DVD - VAN BACH TOT VANDAG

Baie dankie vir almal wat gehelp het om ons orrel konsert so 'n groot sukses te maak! Dit was WONDERLIK!!!! Die DVD gaan binnekort beskikbaar wees @ R75. Bestel sommer nou al by die Kerkkantoor 021 554 1290.

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	17h30	19h00	Opmerkings
24/09/2017	T	T	-	E	Finalejaarskamp; Erfenisdag
01/10/2017	M	AB	T	T	Doop 10:00; Ds Andries Botha
08/10/2017	E	E	M	M	
15/10/2017	E	E	T	T	
22/10/2017	T	T	M	M	Senior Jeug Kamp

HUIS ZONNEKUS GHOLFDAG

Dis al weer tyd vir ons jaarlikse gholfdag op 12 Oktober 2017 by die Milnerton Gholf Klub. Die koste is R2500 per vierbal vir maatskappye en R2000 om 'n gaatjie te borg. Daar is geskenkpakke vir vroeë inskrywings, 'n veiling, ete, vermaak en pryse! Bespreek asb by funding@huiszonnekus.co.za of skakel Attie by 021 552 2074/5. Alle fondse is ten bate van Huis Zonnekus.

KALEIDOSKOOP – Pionierskool vir Gesiggestremdes

Die Pionierskool vir siggestremdes funksioneer soos enige ander skool in die land. Ongelukkig dek die staatsubsidie geensins die spesialiseerde onderrig en onderrigmateriaal (bv. braillering van alle onderrigmateriaal, vergroting van leer- en leesmateriaal vir ons swaksiendes, apparatus soos die JAWS spraakprogram (rekenaars), Perkins Braille masjiene, Merlin Lae Visie apparaat ens.) wat benodig word vir volwaardige onderrig van siggestremdes nie. Genoemde is slegs 'n paar van die broodnodige onderrig en opvoedings hulpmiddels wat ons moet beskikbaar stel aan ons siggestremde leerders om hul te ondersteun in die onderwysbehoeftes om 'n volwaardige onderrig en opleiding te ontvang gelykstaande aan 'n siende leerder. Vir baie van ons leerders is hierdie items net onbekostigbaar, bv braille masjien R14 500, witkierie vanaf R400, ens.

Hierdie gespesialiseerde onderrig plaas natuurlik groot finansiële druk op Pionierskool en Kaleidoskoop. Omdat Pionierskool geen siggestremde leerder wegwys op grond van gebrek aan finansiële bydraes nie, is daar jaarliks 'n groot groep siggestremde leerders wie se ouers (hetsy oorlede, enkelouer, werkloos of gestremd) nie 'n bydrae kan maak tot hul kind se onderwys onderrig of selfs basiese behoeftes soos klere, toiletware, sakgeld of skoolbenodighede nie.

Ons noodfonds benodig:

- **Skoolfonds R750 per maand – R7500 per jaar;**
- **Koshuisgelde R2 035 per maand – R20 350 per jaar;**
- **Algemene benodighede soos: sakgeld, toiletware, skoolklere R1200 per leerder per maand - R12 000 per jaar.**

Tans is daar 77 behoeftige leerders in Pionierskool waarvoor ons dringend borgskappe moet soek!

Ons is so dankbaar vir elke Gemeente en lidmate se jarelange betrokkenheid by ons instansie hetsy deur u gebede, finansiele of skenkings. Dankie dat u omgee. Vir enige verdere inligting of navrae kontak ons asseblief. www.kaleidoscopesa.org of corrie@kaleidoscopesa.org.

Vriendelike groete, IRENE DE BOD (BESTUURDER : DEPT VAN ONTWIKKELING)

ENCORE UITSTAPPIE

Hierdie jaar op Woensdag 11 Okt, mik ons in Darling se ringting, my darlings! Ons gaan die museum besoek vir 'n kykie in die verlede, en dan bier proe by die Darling Brouerye. (Wyn is ook beskikbaar). Kaartjies is te koop na die 10:00 diens, R220pp. Navrae: Marie Blanckenberg 083 747 1661.

JUNIOR JEUG PROGRAM

24 Sept	Langnaweek
29 Sept	Skole sluit
2-4 Okt	#ImagineKiz
09 Okt	Skole begin